Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

HARTSNAAR

Musiek: Christa Steyn
Teks: Jannie du Toit

Luister na die wysie van jou hartsnaar
Maak die vreemde ritme van jou hart waar
Vlieg op vlerke van die wind
Ry die golwe van die see
Op genade wat vir jou gegee word
Dans oor velde in die reën
Skemeraand alleen
Breek die wêreld oop en gryp jou droom

Klop-klop die tromme van verbeelding
Streel die ryk akkoorde wat jou hart sing
Vlieg op vlerke van die wind
Ry die golwe van die see
Op genade wat vir jou gegee word
Dans oor velde in die reën
Skemeraand alleen
Sing die wêreld oop en soek jou droom

Skryf en speel en lag en sing jou hart uit
Helder soos die klanke van 'n dwarsfluit
Vlieg op vlerke van die wind
Ry die golwe van die see
Op genade wat vir jou gegee word
Dans oor velde in die reën
Skemeraand alleen
Speel die wêreld oop en leef jou droom